**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 10 SEPTEMBER 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts *(Ex-officio)* | [DA] | : | Speaker *(sluit om 09:06 aan)* |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. N Williams | : | Hoof: Rampbestuur en Brandweerdienste |
| Mnr. T April | : | Hoof: Fasiliteitsbestuur |
| Me. L Cupido | : | Senior Behuisingsbeampte (Wes) |
| Mev. RC Gerber | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN001/09/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadsheer De Vries die vergadering open met gebed.

***

**BKN002/09/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Gemeenskapsdienste – afwesig met verskoning (AARTO Konferensie) (Die Hoof: Fasiliteitsbestuur staan in om inligting te neem)

***

**BKN003/09/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Munisipale Bestuurder verklaar 'n kollektiewe belang by die In-Komitee item **BKN031/09/2024**.

***

**BKN004/09/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 13 AUGUSTUS 2024**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 13 Augustus 2024, bekragtig word.

***

**BKN005/09/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 13 AUGUSTUS 2024**
**3/3/2/2**

***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee versprei)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Op navraag van Raadslid Daniels rakende die korrektheid van die bewoording ten opsigte van die terugvoering onder item BKN024/08/2024 (P10 van die Implementeringsverslag) meld die Direkteur Finansiële Dienste dat die bewoording reggestel sal word.

***DIREKTEUR FINANSIELE DIENSTE***

Op navraag van die Voorsitter rakende die versoek dat sekere kwessies na die Tegniese Dienste Komitee verwys word vir bespreking, met spesifieke verwysing na informele strukture, die "Whitehouse" in Velddrif en

kleedkamers by Smit Park Sportgronde, meld die Direkteur Tegniese Dienste dat die informele strukture en die "Whitehouse" nog nie bespreek is nie maar wel ander onwettige strukture.

Die Voorsitter versoek die Direkteur Tegniese Dienste om aandag te gee aan die kwessies.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

Op navraag van Raadslid Moolman oor Rooibaai reël die Voorsitter dat 'n besoek op terrein gehou word op Donderdag 12 September 2024 na afloop van die GOP Forum vergadering in Velddrif.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 13 Augustus 2024.

***

**BKN006/09/2024**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

*Sien notulering by BKN005/09/2024*

***

**BKN007/09/2024**
**<u>KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/09/2024**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Voorsitter doen die volgende mededeling:</u>

Hy deel die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Administrasie se innige meegevoel mee met die heengaan van Raadslid Daniels se swaer en wens hom en sy familie sterkte toe in hierdie moeilike tyd.

***

**BKN009/09/2024**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/09/2024**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/09/2024**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFBEGROTING**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Die Voorsitter spreek sy kommer uit oor die spandering op oortyd en bystand asook kapitaalprojekte wat begroot word maar nie spandeer word nie.

Die Munisipale Bestuurder meld dat oortyd en bystand maandeliks by Formele Direksie gemonitor word.

Die Voorsitter versoek dat daar gekyk word hoe om binne die goedgekeurde begroting die Wetstoepassingsbeamptes meer sigbaar moet wees veral oor naweke.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN012/09/2024**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder meld dat op versoek van die Voorsitter die item "Getekende Salaris- en Loonooreenkoms" as 'n In-Komitee item hanteer sal word.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN013/09/2024**
**WYSIGING VAN DIE DEERNISBELEID**
**5/1/B**

Raadslid Daniels lei die item kortliks in, waarna verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die byvoeging ten opsigte van die Deernisbeleid oorweeg en goedkeur.

***

**BKN014/09/2024**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JULY 2024**
**5/1/1**

Raadslid Daniels lei die item kortliks in, waarna verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for July 2024.

***

**BKN015/09/2024**
**<u>SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR JULY 2024</u>**
**5/1/1**

Raadslid Daniels lei die item kortliks in, waarna verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That the Council take note of the July 2024 Supply Chain Management Implementation Report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**BKN016/09/2024**
**<u>INKOMSTEVERBETERINGSVERSLAG: JUNIE 2024</u>**
**5/19**

Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die verlaging in betaalsyfer van 95% na 92% 'n krisis is. Sy versoek dat aanpassings in die Kredietbeheerbeleid aangebring word ten einde die gebreke in die huidige beleid aan te spreek.

Raadslid Daniels spreek sy kommer uit dat inkomstebronne, met spesifieke verwysing na oorde en verkeersboetes, nooit in-diepte bespreek word nie. Hy versoek dat 'n gesprek gereël word ten einde die inkomstebronne in-diepte te bespreek.

Die Voorsitter versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste 'n verslag voorsien wat die onderskeid tref tussen werklike maandelikse inkomste tenoor agterstallige skuld.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die inhoud van die verslag;
2. Dat aanpassings in die Kredietbeheerbeleid aangebring word ten einde die gebreke in die huidige beleid aan te spreek;
3. Dat 'n gesprek gereël word deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ten einde inkomstebronne soos oorde en verkeersboetes, in-diepte te bespreek; en
4. Dat 'n verslag voorsien wat die onderskeid tref tussen werklike maandelikse inkomste tenoor agterstallige skuld.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN017/09/2024**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 03 SEPTEMBER 2024</u>**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN018/09/2024**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: 'N GEDEELTE VAN ERF 1002 PORTERVILLE (MEENTGROND)**
**PTV.1002, 7/2/3/2**

Raaslid Moolman lei die item kortliks in. Die Direkteur Korporatiewe Dienste en Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur gee addisionele inligting.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word om die nodige wysigings aan te bring om die tenderproses in te sluit.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

***(Die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur verlaat die vergadering om 10:48)***

**BKN019/09/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 03 SEPTEMBER 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN020/09/2024**
**APPROVAL OF AMENDED PUBLIC NUISANCE BY-LAW**
**13/4/2/4**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item breedvoerig in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die item oorstaan na die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 25 September 2024;
2. Dat die opskrif van punt 14 van hoofstuk 2 gewysig word om as volg te lees: *"14. Sale of animals or pets"*;
3. Dat die verordening ook in Afrikaans beskikbaar gestel word;
4. Dat die verordening per e-pos gestuur word aan Mev. Katinka Morrison, Velddrif Dieresorg, Swartland Dierebeskermingsvereniging en enige ander dierebeskerming/dieresorg instansies in die Bergrivier munisipale gebied vir insette; en
5. Dat alle insette teen Vrydag 20 September 2024 om 12:00 vir Gemeenskapdienste moet bereik.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN021/09/2024**
**<u>RAMPBESTUUR JAARVERSLAG 2023 / 2024</u>**
**17/5/1**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

**<u>AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad kennis neem van die Rampbestuur Jaarverslag vir 2023/2024.

***

**BKN022/09/2024**
**<u>APPLICATION FOR ADDITIONAL FUNDING: VARIOUS HOUSING PROJECTS</u>**
**17/5/2/1**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item kortliks in.

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY THE COUNCIL</u>**

That the Council notes the submission of the application for additional funding to the Department of Infrastructure (attached as Annexure A).

***

**BKN023/09/2024**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 04 SEPTEMBER 2024</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Die Voorsitter spreek sy kommer uit oor die toestand van die volgende areas:

- Begrafplase in Piketberg en Velddrif;
- Herstelwerk van Redelinghuys se klubhuis wat nog nie reggemaak is nie; en
- Potgate in Kerklaan (Velddrif), Voortrekkerstraat (Porterville), Voortrekkerstraat, (Piketberg) en die ingang van Eendekuil.

Op versoek van die Voorsitter wanneer 'n verslag voorsien sal word rakende die aankoop van stene in Velddrif en die bouery by die Velddrif kantore, meld die Direkteur Tegniese Dienste dat hy reeds 'n verslag ontvang het en het dit terugverwys vir meer inligting.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat aandag gegee word aan die toestand van die begrafplase in Piketberg en Velddrif;
2. Dat Herstelwerk van Redelinghuys se klubhuis teen Maandag 30 September 2024 afgehandel word;
3. Dat die potgate in Kerklaan (Velddrif), Voortrekkerstraat (Piketberg), Voortrekkerstraat (Porterville) en ingang van Eendekuil dringende aandag geniet; en
4. Dat 'n verslag rakende die aankoop van stene in Velddrif en die bouery by die Velddrif kantore by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 15 Oktober 2024, voorgelê word.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (30/09/2024)***

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (15/10/2024)***

***

**BKN024/09/2024**
**MUNICIPAL REGULATIONS ON FINANCIAL MISCONDUCT PROCEDURES AND CRIMINAL PROCEEDINGS: APPOINTMENT OF DISCIPLINARY BOARD**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word vir bepaalde veranderinge op die aanbevelings; en
2. Dat die item verwys word na volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 25 September 2024.

***MUNISIPALE BESTUURDER (25/09/2024)***

***

**BKN025/09/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 04 SEPTEMBER 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN026/09/2024**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED: THURSDAY 13 JUNE 2024**
**3/3/2/2**

**NOTED**

***

**BKN027/09/2024**
**MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED: FRIDAY 28 JUNE 2024**
**3/3/2/2**

**NOTED**

***

**BKN028/09/2024**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN029/09/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die amptenare verlaat die vergadering om 11:40, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Munisipale Bestuurder, Direkteur Korporatiewe Dienste, Direkteur Finansiële Dienste, Hoof: Fasiliteitsbestuur, Senior Behuisingsklerk (Wes) en Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voortsit.)***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:51***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)****